

**19 Januarie**

**Genesis 11:1-9, (Teks: 11:6-8)**

***Eenheid: Wat doen jy daarmee?***

Vyf geslagte na Noag (Gen. 10:25) praat die mensdom nog een taal en is hulle nog een volk. Daar is 'n eenheid wat die Here self aan hulle gegee het. Hierdie een taal lei tot een gesindheid en een besluit onder die mense. Hulle wil saamkoek soos bye om 'n heuningkoek. Hulle wil vir hulleself naam maak; dan sal hulle nie oor die aarde versprei nie. Hulle leef en bewaar hulle God-gegewe eenheid teen God en sy bevel in.

Drie maal (Gen. 1:28; 9:1 en 7) het die Here al beveel: Wees vrugbaar, word baie en bewoon die aarde en bewerk dit. Maar hierdie opdrag lyk vir die mense na 'n doodloopstraat. Eenheid is mos krag. Daarom leef en bewaar hulle die eenheid in 'n valse, menslike eenheid.

Getrou aan sy verbond met Noag verdelg die Here die mensdom nie weer met water nie. Hy verwar hulle taal en verstrooi hulle oor die aarde. In plaas van eenheid verdeel en verskeur hulle as gevolg van hulle sonde. Hulle verstaan mekaar nie, want hulle is onwillig om te verstaan. Hulle eenheid is dan daarmee heen.

Die eenheid wat God wil hê, is nie menslik nie maar geestelik - 'n eenheid tot eer van sy Naam. Opnuut begin God met die mensdom en stuur alles af op sy Seun. Jesus Christus breek die skeidsmuur tussen tale en nasies met sy bloed af (Ef. 2:14). Hy bind die mensdom in hulle gelowiges saam deur die ware geloof. Hoorbaar en sigbaar doen die Gees dit op Pinksterdag (Hd. 2:5-13).

Tussen jou en alle Christene het God 'n eenheid in Jesus Christus bewerkstellig. Leef en bewaar jy hierdie eenheid? Of rig jy die skeidsmuur op deur jou eie menslike eenheid te vestig om naam te maak?

Sing: Psalm 133:1,2  
(Venterstad)

Ds. C.C.A. Vrey